SA MEDIA
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

2

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. | |
|---|---|---|---|---|
| 0 0 3 5 | 0007244775 | 8 | 1408 | a |

Beeld Jg............ Nr.................. P. 2 Dat. 24 Feb 2000

TREFWOORDE
1 Manuel T.
2 Begroting
3 Parlement
4 Privatisering
5 Herstrukturering
6 Laks
7 Regering
8
9
10

Begroting 2000

# Privatisering gaan vanjaar versnel

## □ Moet R5 miljard vir verligting in □ 'Meer moet dienste verkry'

Christi van der Westhuizen

Kaapstad. – Die herskikking en privatisering van staatsbates gaan vanjaar versnel sodat 'n geraamde R5 miljard in die nuwe geldjaar vir skuldverligting geïn kan word. Dit sal toeneem tot R10 miljard teen 2002/2003.

"Ons erken dat in baie gebiede waarvoor die staat verantwoordelik is die private sektor beter geplaas is om doeltreffende dienste te lewer," het mnr. Trevor Manuel, minister van finansies, gister in sy begrotingsrede gesê.

Hy het as moontlike redes genoem "die dinamiek van mededinging wat ingebring word, of omdat tegniese vermoë bestaan in die private sektor, of omdat die beleggingsrisiko beter bestuur kan word".

Die doelstelling van herskikking en privatisering is om ekonomiese doeltreffendheid te verbeter en dienste aan meer mense te verskaf, het hy gesê. Die herskikking vind plaas binne die nasionale raamwerk-ooreenkoms wat voorkeur gee aan die vermindering van staatskuld, herkapitalisering van staatsondernemings en die uitbreiding van deelname in die ekonomie.

Deur die kundigheid van die private sektor in te bring, het die staat

SA MEDIA
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 000224 0 5 | Onderwerp nr. 8 | Knipsel nr. 1428 b

Beeld Jg. Nr. P. 2 Dat. 24 Feb 2000

toegang verkry tot tegnologie, die oordrag van vaardighede, die kapitaal vir uitbreiding en organisatoriese hernuwing.

Die tesourie het 'n eenheid geskep wat nasionale en provinsiale departemente sal help om staat/private-vennootskappe te identifiseer, tot stand te bring en in werking te stel.

In die 1999/2000-geldjaar is R6,9 miljard verdien hoofsaaklik deur die omskakeling van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko- Versekeringsvereniging (Sasria) in 'n staatsmaatskappy met 'n laer reserwevlak. Die omskakeling het die skuld-dienskoste verlaag om hulpbronne beskikbaar te stel vir besteding aan maatskaplike dienste en infrastruktuur.

Die volgende staatsbedrywe of -ondernemings sal in die 2000/2001-geldjaar herskikking of privatisering ondergaan: staatsbosbou, diamantmynwese, Eskom, Sasria, Telkom, Transnet, wapens, Sentech, die SAUK en die Poskantoor.

TREFWOORDE

1 ..............

..............

2 ..............

..............

3 ..............

..............

4 ..............

..............

5 ..............

..............

6 ..............

..............

7 ..............

..............

8 ..............

..............

9 ..............

..............

10 ..............

..............